

Abraham se herkoms



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Genesis 12, Jesaja 48:20, Jesaja 36:6 en 9, Jeremia 2:18, Genesis 13 en hfst. 14, asook Hebreërs 7:1-10.

Geheeteks: “Omdat hy geglo het, het Abraham, toe God hom geroep het, gehoorsaam weggetrek na die land wat God vir hom as ’n erfdeel sou gee. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou beland” (*Hebreërs 11:8, NLV*).

Nou het ons die middel van die boek Genesis bereik. Hier in die middelste gedeelte (*Genesis 12-22*) bekyk ons Abraham se reis, vanaf God se eerste oproep – die *lekh lekha* in Hebreeus – oftewel “Gaan!” (*Gen. 12:1*), wat daartoe lei dat Abraham sy verlede agterlaat - gereed vir God se tweede oproep dat hy opnuut moet *lekh lekha*, oftewel “Gaan!” (*Gen. 22:2*), wat Abraham sover bring om sy toekoms in God se hande te laat (’n toekoms wat in sy toekomstige seun opgesluit is). Gevolglik is Abraham voortdurend op die pad. Hy is ’n pelgrim, en dit is ook waarom hy ’n “vreemdeling” genoem word (*Gen. 17:8, NAB*).

In sy omswerwing bevind Abraham hom as ontheemde in ’n soort niemandsland. Hy is immers sonder ’n verlede omdat hy dit nou kwyt is, en sonder ’n toekoms omdat hy nie weet waarheen sy reise lei nie. Tussen die twee oproepe om te gaan – die raamwerk waarbinne Abraham se geloofsreis sigself afspeel – hoor die patriarg die stem van God. Die Here gee hom die versekering dat alles reg sal loop, deur te sê: “Vrees nie, Abram” (*Gen. 15:1, OAB*). Dié drie woorde markeer die drie gedeeltes van Abraham se reis, wat ons in weke 6, 7 en 8 gaan bestudeer.

Abraham is die vergestaling van ware geloof (*Gen. 17:6*) en word in die Hebreuse skriftuur as ’n man van geloof onthou (*Neh. 9:7 en 8*). In die Nuwe Testament is Abraham een van die Ou-Testamentiese karakters waarna die meeste verwys word. Hierdie week sal ons begin om te begryp waarom dit so is.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 7 Mei.*

Abraham se uittog uit Ur

Lees Genesis 12:1-9. Waarom het die Here Abram geroep en gevra dat hy sy geboorteland en sy mense verlaat? Hoe het Abram op die Here gereageer?

Die laaste keer dat God hardop met iemand gepraat het – wel ten minste soos dit in die Bybel opgeteken is – is toe Hy na die vloed met Noag gepraat het, om hom die versekering te gee dat Hy ’n verbond met die mens sluit (*Gen. 9:15-17*) en dat daar nooit weer ’n wêreldwye vloed sal wees nie. Hierdie tweede direkte woord, dié keer aan Abram, sluit aan by daardie eerste belofte aan die mensdom: *Al die volke van die aarde sal in Abram geseën wees (lees hfst. 12:3).*

Die vervulling van daardie profesie begin met Abram wat sy verlede agterlaat. Die bekende – sy mense, sy land, selfs ’n deel van homself – alles word agtergelaat. Die intensiteit van dié wegtrek word weerspieël in die herhaling van die sleutelwoord “gaan,” wat sewe maal binne dié konteks gebruik word. Eerstens moet Abram sy geboorteland opgee, “Ur van die Galdeërs,” wat ook as Babilonië bekend staan (*Gen. 11:31, Jes. 13:19*). Die oproep, “Gaan uit Babilon uit,” het ’n lang geskiedenis onder die bybelprofete (*Jes. 48:20, Op. 18:4*).

Abram se vertrek het ook sy familielewe geraak. Hy moes sy erfenis agterweë laat; en ook tot ’n groot mate die dinge soos sy erflating, ’n kultuurgebonde opvoeding, asook sy invloedseer – alles dinge wat hy bekom en/of aangeleer is.

Tog behels die oproep om te gaan veel meer. Die Hebreeuse sinsnede, *lekh lekha* (wat as “Gaan” vertaal is), kan ook letterlik vertaal word as: “Gaan jyself” of “Jy moet self gaan.” Abram se vertrek uit Babilonië dui op veel meer as net ’n verandering van ligging of om geliefdes agter te laat. *Lekh lekha* impliseer ’n klem op die *self*-gedeelte. Abram *self* moet gaan. Hy moet van ’n deel van *homself* ontslae raak, daardie deel wat as sy “Babiloniese verlede” bestempel kan word.

Wat is die doel van dié agterlaat van die bekende? – om by “’n land” aan te kom wat God hom sal wys. ’n Mens kom dieselfde soort taalgebruik teë in die gedeelte wat oor die offer van Isak gaan (*Gen. 22:2*), met bepaalde verwysings na Moria, waar Isak geoffer sou word en waar die tempel in Jerusalem later gebou sou word (*2 Kron. 3:1*). God se belofte gaan nie net oor ’n fisiese beloofde land nie, maar ook oor die verlossing van die mensdom. Hierdie gedagte word herbeklemtoon in God se belofte oor al die volke van die aarde wat geseën sal word (*Gen. 12:2, 3*). Die werkwoord *barakh*, wat as “geseën” vertaal word, verskyn vyf maal in dié skrifgedeelte. Hierdie wêreldwye seëning tree in werking deur die Abram se “nageslag” (*hfst. 22:18, 26:4 en 28:14*). Dié teksverse sê hier dat Abram ’n “nageslag” sal hê, ’n belofte wat uiteindelik in Jesus Christus verwesentlik sou word (*Hand. 3:25*).

Wat vra die Here moontlik vir jou om agter te laat as deel van jou roeping? Dit wil sê, watter deel van jou lewe sal jy dalk moet agterlaat ten einde daaraan gehoor te gee?

Die versoeking in Egipte

Lees Genesis 12:10-20. Waarom het Abram die Beloofde Land verlaat om Egipte toe te gaan? Hoe het die farao in vergelyking met Abram opgetree?

Ironies genoeg besluit Abram, wat pas die Beloofde Land bereik het, om Egipte toe te gaan omdat daar “’n swaar hongersnood” in die Beloofde Land was (*Gen. 12:10, NAB*). Antieke Egiptiese tekste getuig inderdaad dat die inwoners van Kanaän die gewoonte gehad het om in tye van hongersnood Egipte toe te gaan. In *Die Leerrede aan Merikare*, ’n Egiptiese teks wat in die tydperk van die Middelryk (2060-1700 v.C.) opgestel is, verwys na enigeen uit Kanaän as ’n “jammerlike Asiaat” (*aamu*). Diesulkes word [in die enkelvoud] soos volg beskryf: “ellendig... behoeftig aan water... hy bly nie op een plek nie, kos hou hom aan die loop” (Miriam Lichtheim, *Ancient Egyptian Literature, Volume I: The Old and Middle Kingdoms* [Berkeley, CA: University of California Press, 1973], bl. 103, 104).

Die versoeking wat Egipte ingehou het, was dikwels ’n probleem vir die Israeliete van ouds (*Num. 14:3, Jer. 2:18*). So het Egipte dan ’n versinnebeelding geword van die mens wat op die mens vertrou, en nie op die Here soos dit hoort nie (*2 Kon. 18:21, Jes. 36:6 en 9*). In Egipte, waar water orals te siene was, was geloof nie nodig nie. Daar het die mense nie op die aarde gewag om ’n bietjie water voort te bring nie. Dit was ’n verskynsel wat ’n mens nie kon miskyk nie. In vergelyking met die hongersnood van Kanaän, het Egipte onweersstaanbaar gelyk, ten spyte van God se belofte oor die Beloofde Land.

Die Abram wat nou Kanaän verlaat, verskil van die een wat uit Ur weggetrek het. Voorheen is Abram as ’n man van geloof beskou, een wat sy Godgegewe roeping aanvaar het deur Ur te verlaat. Nou verlaat hy die Beloofde Land op eie houtjie, omdat hý so besluit het. Voorheen het Abram op God vertrou; maar nou tree hy soos ’n manipulerende en onetiese politikus op, wat slegs op homself en sy empiriese denke staat maak. “Tydens sy verblyf in Egipte toon Abram dat hy wel swakhede het en onvolmaak is. Met sy stilswye oor Sara, as sy vrou, bewys Abram dat Hy nie op die Here en Sy beskerming vertrou het nie. Hy toon sy gebrek aan daardie grootse geloof, dapperheid en edelmoedigheid waarvan hy so dikwels die vergestaltung in sy leeftyd was” -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 130.

Wat sien ons hier? – Dat selfs ’n groot godsman ’n fout kan maak en tog nie deur God versaa word nie. Wanneer Abraham as ’n voorbeeld van redding deur genade in die Nuwe Testament voorgelê word, is dit presies wat die Nuwe Testament bedoel: *deur genade*. As dit nie vir God se genade was nie, sou daar immers vir Abraham, net soos die res van ons, geen hoop gewees het nie.

Dit is so maklik vir ons, selfs vir getroue gelowiges, om die geloofspad byster te raak. Hoe leer ’n mens dié les uit vandag se verhaal? Waarom is gehoorsaamheid aan God nooit ’n wyse besluit nie?

Abram en Lot

Lees Genesis 13:1-18. Wat leer 'n mens uit hierdie verhaal oor die belangrikheid van karakter?

Abram keer terug na Kanaän, asof die reis na Egipte niks meer as 'n tydelike ou terugslaggie was nie. So gaan die paadjie wat God met Abram loop, weer voort, 'n terugkeer na die eerste reis na die Beloofde Land. Abram se eerste rusplek is Bet-El (*Gen. 13:3*), net soos by sy eerste reis na Kanaän (*Gen. 12:3-6*). Abram het hom bekeer en is weer “homself” – Abram die man van geloof.

Abram se heraansluiting by God blyk reeds uit sy interpersoonlike bande, uit die manier wat hy die probleem met Lot, sy broerskind, aangaande grondgebied hanteer. Dit was egter Abram self wat 'n vreedsame ooreenkoms voorgestel het deur toe te laat dat Lot eerste kies (*Gen. 13:9, 10*), 'n gebaar wat van vrygewigheid en welwillendheid getuig, tekenend van die tipe mens wat Abram was.

Die feit dat Lot die mees voordelige en beste deel gekies het – 'n waterryke dal (*Gen. 13:10, 11*) – sonder om hom te steur aan die gevare wat sy nuwe bure se bose praktyke vir hom ingehou het (*Gen. 13:13*), bring sy gierigheid en swak karakter aan die lig. Die sinsnede “vir hom” laat dink 'n mens aan die bose mense wat voor die vloed geleef het, wat met die vroue “van hulle keuse” getrou het (*lees Gen. 6:2, NAB*).

Abram se hantering van dié probleem getuig van geloof. Abram het nie sy stuk land self gekies nie, maar dit is deur God se genade aan hom geskenk. In teenstelling met Lot, stel Abram slegs belang in die vermelde grond omdat God so sê (*Gen. 13:14*). Wat meer is, dit is slegs toe Abram en Lot se paadjies skei dat die Here weer met die patriarg praat (*Gen. 13:14*). Om die waarheid te sê, dit is die eerste opgetekende keer dat God hardop met Abram praat sedert die oproep om weg te trek uit Ur. “Kyk tog rond, kyk van hier af waar jy is, na die noorde en die suide, na die ooste en die weste. Die hele land wat jy sien, gee Ek vir altyd aan jou en jou nageslag” (*Gen. 13:14 en 15, NAB*). Daarna rig die Here 'n uitnodiging aan Abram: “Kom, trek nou kruis en dwars deur die land,” as 'n inbesitnemingsgebaar. Die rede daarvoor? – “want Ek [die Here] gee dit vir jou” (*Gen. 13:17, NAB*).

Die Here maak dit baie duidelik dat dit Hy is wat hierdie grondgebied aan Abram gee. Dit is 'n geskenk, 'n genadegawe; wat Abram deur geloof, 'n geloof wat tot gehoorsaamheid lei, in besit moet neem. Dit is slegs deur God se toedoen dat alles wat Hy hier aan Abram beloof uiteindelik verwesentlik sal word (*lees Gen. 13:14-17*).

Hoe kan ons leer om goehartig en vrygewig teenoor andere te wees, selfs al tree hulle nie so teenoor ons op nie?

Die Babel-koalisie

Lees Genesis 14:1-17. Waarom is hierdie oorlog wat net na die gawe van die Beloofde Land uitbreek dan so noemenswaardig? Wat leer 'n mens hieruit oor Abram?

Jesus het die priesterskap ontvang op grond van 'n onverganklike lewe, en omdat Dit is die eerste oorlog wat in die Bybel opgeteken word (*Gen. 14:2*). 'n Koalisie van vier leërs vanuit Mesopotamië en Persië het saam teen 'n koalisie van vyf Kanaänitiese leërs, insluitende dié van die konings van Sodom en Gomorra, opgetrek (*Gen. 14:8*) – oënskynlik 'n groot oorlog (*Gen. 14:9*). Die rede vir dié gewapende stryd het te doen met die feit dat die mense van Kanaän teen die Babiloniese susereine wat oor hulle aangestel is (*Gen. 14:4 en 5*) gerebelleer het. Hierdie verhaal dui op 'n bepaalde geskiedkundige konflik. Let egter op die tydsberekening van dié oorlog (wat in daardie jare boonop as 'n wêreldoorlog bestempel kon word): dit gebeur net na God die Beloofde Land aan Abram geskenk het. So, dit het duidelik ook 'n besonderse geestelike betekenis.

Die feit dat so baie mense uit die landstreek Kanaän daarby betrokke was, dui daarop dat die onafhanklikheid van dié landstreek die groot twispunt in hierdie gewapende stryd was. Ironies genoeg was Abram-hulle, die enigste party wat werklik belang by die grond gehad het aangesien hulle die enigste regmatige besitters was, die enigste groep wat nie tot die oorlog toegetree het nie (wel, ten minste nie aan die begin nie).

Die rede vir Abram se neutraliteit is omdat die Beloofde Land vir hom nie iets was wat deur 'n gewapende stryd of deur slim politieke strategieë bekom moes word nie. Abram se koninkryk was 'n geskenk van God. Die enigste rede waarom die patriarg bereid was om toe te tree, was om sy broerskind Lot te hulp te snel, wat in die loop van die oorlog gevange geneem is (*Gen. 14:12, 13*).

“Na een van die veldslae hoor Abraham, wat [tot dusver] in vrede by die terpentynbome van Mamre gewoon het, by 'n ontsnapte krygsgevangene dat sy broerskind gevange geneem is. Tog het hy geen kwade gevoelens teenoor Lot gekoester nie, en dit na sy broerskind se ondankbaarheid. Medelye oorval hom en hy besluit op die daad om Lot te gaan red. Nadat hy eers raad by God gevra het, berei Abraham hom voor op oorlog” -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 135.

Abram konfronteer egter nie die hele Persië-Mesopotamië-koalisie nie. Dit was waarskynlik 'n vinnige sending in die nag, met 'n uitgesoekte taakspan; want hy val net die kamp waar Lot gevange gehou is, aan. So word Lot toe gered en saam met hom, die koning van Sodom. Abram, die getroue godsman, het dus ook groot onverskrokkenheid en dapperheid aan die dag gelê. Sy invloed in dié landstreek het waarskynlik toegeneem. Die mense kon sien dat hy 'n man van inbors was; en so het hulle meer van die God wat Abram gedien het, geleer.

Watter soort invloed het ons dade op andere? Wat sê ons dade aangaande ons geloof?

Die tiende en Melgisedek

Lees Genesis 14:18-24 en Hebreërs 7:1-10. **Wie was Melgisedek? Waarom het Abram sy tiende aan dié priester, wat nou skielik sy opwagting maak, betaal?**

Die skielike verskyning van dié misterieuse Melgisedek beteken nie dat hy nie hier hoort nie. Nadat Abram deur die Kanaänitiese konings bedank is, bedank hy nou dié priester, Hierdie dankbaarheid word uitgedruk in 'n gebaar: hy betaal sy tiende aan hom.

Melgisedek kom van die stad Salem, wat “vrede” beteken, 'n paslike boodskap na die verwarring en gewoel van oorlog.

'n Deel van Melgisedek se naam is die woord *tsedek*, wat “geregtigheid” beteken. Let daarenteen op die koning van Sodom en die koning van Gomorra se name: Bera, wat “in boosheid,” en Birsá, wat “in goddeloosheid” beteken; waarskynlik vanne wat dui op die eienskappe wat hulle verteenwoordig (*Gen. 14:2*).

Melgisedek verskyn as 'n soort ommekeer van die geweld en boosheid waarvan die Kanaänitiese konings versinnebeeldings is. In hierdie skrifgedeelte het ons ook die eerste bybelverwysing na die woord “priester” (*Gen. 14:18*). Melgisedek se verbinding met “God die Allerhoogste” (*Gen. 14:18, NAB*), wat Abram sy eie God noem (*Gen. 14:22*), is 'n klinkklare bewys dat die patriarg hom beskou het as 'n priester van die God wat Abram gedien het. Melgisedek moet egter nie as Christus gesien word nie. Hy was bloot God se verteenwoordiger vir die mense van sy tyd (lees -Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, deel 1, bl. 1092, 1093).

Melgisedek tree inderdaad as priester op. Hy bedien “kos en wyn” (*NAB*). Hierdie is dinge wat in die Ou Testament met die priesterlike amp geassosieer is en wat dikwels op die gebruik van vars gearpaste druiwesap neergekom het (*Deut. 7:13, 2 Kron. 31:5*). Dié verbintenis tussen die brood en die wyn, en die priesterlike amp, duik later weer op; waar dit in verband met die gee van tiendes genoem word (*Deut. 14:23*). Wat meer is, Melgisedek spreek 'n seën oor Abram uit (*Gen. 14:19*).

Abram “gee... vir Melgisedek 'n tiende van alles wat hy teruggekry het” (*Gen. 14:20, NLI*) as 'n respons op die lewende God, die “Skepper van hemel en aarde” (*Gen. 14:19, NKJV*). Hierdie titel is 'n verwysing na die inleiding van die skeppingsverhaal (*Gen. 1:1, OAB*) waar die sinsnede “die hemel en die aarde” na die ganse heeal (d.w.s. na “alles” verwys). Die tiende word dus beskou as 'n gebaar van dankbaarheid teenoor die Skepper van alles wat bestaan, die besitter van alles (*Heb. 7:2-6; vgl. Gen. 28:22*). Eienaardig genoeg sien die aanbidders nie die tiende as 'n geskenk aan God nie, maar as 'n geskenk van Hom. Hoe so? – omdat Hy, in die eerste plek, die skenker van alles is.

Waarom is die ‘teruggee’ van tiendes 'n kragtige bewys van ware geloof, asook 'n wonderbaarlike manier om ons geloof te bou?

Vir verdere studie: Lees Ellen G. White: “Abraham in Canaan”, ble. 134-136 in *Patriarchs and Prophets*.

“Die kerk van God moet ’n seëning vir die mensdom wees, en die lidmate sal geseënd wees namate hulle andere tot seën is. Die Here het nie net ’n verbondsvolk in hierdie wêreld tot stand gebring om daardie persone as seuns en dogters van God aan te neem nie. Deur hulle wou Hy ook die voordele wat die lig van Godgegewe insig bring aan die wêreld skenk. Toe die Here Abraham gekies het, was dit nie net sodat die patriarg ’n boesemvriendskap met God kon hê nie, maar ook om ’n kanaal te wees: deur hom kon die kosbare en besonderse voorregte wat die Here begeer het om aan die nasies te bring, hulle bereik. Abraham moes ’n lig te midde van die geestelike duisternis om hom wees.

“Wanneer die Here sy kinders met waarheid en insig seën, is dit nie net sodat hulle die gawe van die ewige lewe kan ontvang nie, maar ook sodat diegene om hulle geestelik verlig kan word... ‘Julle is die sout vir die aarde’ (NAB). Wanneer God sy kinders die sout vir die aarde maak, is dit nie net vir hul eie behoud nie, maar ook sodat hulle die behoud van andere se lewe kan bewerkstellig...

“Skyn julle as lewende stene in die huis wat God bou?

“Ons geestelikheid is net eg as dit, in al ons doen en late, ons innerlike beheer en rig. Die godvresenheid wat met ons lewenstake vervleg moet wees, moet prakties van aard wees. Die transformerende genade van Christus behoort in ons harte werksaam te wees. Ons benodig baie meer van Jesus, en heelwat minder van die eie-ek” -Ellen G. White, *Reflecting Christ*, bl. 205.

Vrae vir bespreking:

- 1 Let op die seëning wat God aan Abraham skenk: “‘Ek sal jou seën sodat jy... ander tot ’n seën sal wees’” (*Gen. 12:2, NKJV*). Wat beteken dit om deur God geseën te wees? Hoe kan ons, as gelowiges wat dieselfde God as Abram dien, andere tot seën wees?
- 2 Waarom was Abraham se wit leuentjie aangaande sy suster-vrou verkeerd? Wat is die ergste: ’n leuen of ’n halwe waarheid?
- 3 Lees weer Genesis 14:21-23 met betrekking tot Abram se reaksie op die koning van Sodom se aanbod. Waarom het Abram op dié wyse gereageer, en watter belangrike les kan ’n mens daaruit leer? Was Abram dan nie geregtig op die koning se aanbod nie?